PROFIEL





Links: Iewers op die Namibiese platteland.
Bo: Harley, Heidi se Australiese skaaphond, reis oral saam.

# ‘Eendag is nie ’n datum nie, dis ’n besluit’

**Heidi is die enigste bekende oorlewende wat lewerkanker tydens swangerskap oorleef het, skryf Yolanda du Toit.**

Lewerkanker is op 28-jarige ouderdom by Heidi van der Merwe gediagnoseer. Vandag, 23 jaar later en tans op reis in Burundi, is Heidi kankervry en het sy haarself die vraag gevra wat sý in die lewe wou hê.

Sy wou reis en mense bewus maak van lewerkanker.

Só het die idee van 'n avontuur in 'n doel verander.

"Die reis was nie net om iets op my wenslysie te doen nie. Ek wou lewens red. Ek het 'n organisasie sonder winsbejag gestig – Een Lewe, Een Lewer. Hierdie is nie net 'n trip nie; dis deel van iets baie groter vir my – om bewusmaking oor lewerkanker te skep. As dit net een mens help om vroeër simptome te herken of vrae te vra, is dit klaar die moeite werd."

Vandag is dit ses maande, 14 lande en 25 000 km later wat Heidi en haar mede-reisiger, Harley ('n Australiese skaaphond), met 'n Harley Davidson Pan America gereis het. Amerika se 51 state is volgende in haar visier.

Heidi is die enigste bekende oorlewende wat lewerkanker tydens swangerskap oorleef het en die tweede langste oorlewende van lewerkanker wêreldwyd.

"Wanneer jy iets buitengewoons oorleef, dwing dit jou om 'n ongemaklike vraag te vra: As ek meer tyd gekry het, wat doen ek daarmee? Vir jare het ek alles reg gedoen. Ek het my kinders vir twaalf jaar as enkelma grootgemaak. Ek het stabiliteit gebou."

Toe haar kinders universiteit toe is, het haar rol, wat haar langer as 'n dekade gedefinieer het, verander: "Niemand het my meer op dieselfde manier nodig gehad nie. In daardie stil ruimte het 'n vraag gekom wat ek nie langer kon vermy nie: Wat wil ék eintlik hê? Nie wat van my verwag word nie. Nie wat lyk indrukwekkend nie. Die antwoord was eenvoudig. Ek wil reis; ek wil motorfiets ry."

Dít was die begin van 'n ongelooflike lewerbewusmakingsreis wat so byna verby is.

> **NIE ALMAL WORD 50 OF 60 NIE**
>
> Jare gelede, toe sy in 'n onkologiesaal gesit het, het sy iets geleer wat die wêreld ons laat vergeet: "Niemand sê ooit: Ek wens ek het langer gewag om te leef, of: Ek wens ek het harder gewerk nie. Ons stel vreugde met ongelooflike dissipline uit."
>
> Ná hierdie kwartaal, bevordering, nadat die kinders klaar is met skool . . . Maar nie almal word 50 of 60 nie. "Sommige mense sterf met planne, sommige met potensiaal, en sommige terwyl hulle altyd ander mense gelukkig hou en wag vir 'eendag'.
>
> " 'Eendag' is nie 'n datum nie. Dit is 'n besluit. Niemand weet hoe lank ons het nie. Wat ek wel weet, is dit: Ek sal eerder oud word met stories as veilig wees met spyt."
>
> Heidi is dit eens – wanneer haar lewe eindig, wil sy weet sy het dit ten volle gebruik. "Jy moet jouself vra wat jy uitstel, voordat 'eendag' nooit word. Jy het vandag en dis genoeg om te begin."

> “Die reis was nie net om iets op my wenslysie te doen nie. Ek wou lewens red.

Sy het haar huisinhoud laat stoor en haar huis in Hermanus verhuur. Sy het haar motorfiets gepak, haar hond (Harley het nog nooit tevore saam met haar gery nie) opgelaai en op 'n lewerkankerbewusmakingsreis deur Afrika vertrek.

Daar was nie oefenritte nie – die eerste rit was die oggend van hul vertrek.

"Die eerste grondpad wat ek ooit gery het, was nadat ek Namibië binnegegaan het. Daardie eerste week het enige illusie dat ek in beheer was, afgebreek. Afrika bied nie gemak nie. Ek het 10 kg in vier maande verloor, maar gewis perspektief gewen – die mense wat die minste gehad het, het die minste gekla."



Heidi van der Merwe aan die woord in 'n radio-ateljee.

Heidi vertel dat mense tevrede is en dat geluk nie in besittings, status, of 'n bankbalans lê nie, maar in perspektief.

Terugslae was daar wel, maar sy beskou dit as herposisionering. Dat die lewe minder oor beheer en meer oor moed gaan; oor aanhou opdaag – selfs wanneer die roete verander.

Sy het deur haar reise met ongeveer 30 000 mense oor lewerkankerbewustheid gepraat.

Dit het haar meer bewus gemaak van die swaar pad wat kankerpasiënte stap.

"My pad het elke dag 'n bestemming gehad. Kankerpasiënte het nie altyd daardie sekerheid nie. Die moeilikste deel van kanker is dikwels nie die dramatiese dae nie – dit is die bestendigheid; die klein, daaglikse struikelblokke; die geestelike gewig van onsekerheid. Dít is wat my ook soms op die pad ondergekry het.

"Elke dag was daar iets wat net nie verloop het soos ek gedink het dit sal nie – dit is immers Afrika. Die verskil is dat ek dan 'n breek kon vat en rus. Kankerpasiënte kry nie 'n breek nie."

*• Du Toit is 'n vryskutjoernalis van Bredasdorp.*

> “Die moeilikste deel van kanker is dikwels nie die dramatiese dae nie – dit is die konsekwentheid. Die klein daaglikse struikelblokke.

> **VER EN WYD**
>
> **Slegste paaie:** Malawi en Zimbabwe
> **Aangenaamste mense:** Namibië en Malawi
> **Mooiste lande:** Tanzanië en Rwanda
> **Armste lande:** Burundi en Malawi
> **Lande wat haar die meeste beïndruk het:** Rwanda en Namibië
> **Beste waarde vir geld:** Rwanda en Namibië
> **Swakste waarde vir geld:** Malawi en Zambië